Van Zyl-nuus

Liewe familie en vriende No. 15

Ons is al in die tweede week van 2009 en ons het nog nuus van 2008 om te vertel. Jammer, ek wou graag voor Kersfees nog nuus stuur, maar ongelukkig het ons gesukkel met ons internetkonneksie in die RSA. Ons hoop dat julle elkeen 'n Geseënde Kersfees beleef het.

Einde Oktober het ons gesin die gesinskamp van die NG Kerk Outjo bygewoon. Dit was by 'n lodge tussen Otjiwarongo en Umaruru en ons tente het 'n ongelooflike mooi uitsig oor die veld gehad. Dit was vir ons baie lekker om as gesin te ontspan en saam met die gemeentelede van Outjo te kuier. Ds Schalk Pienaar van Windhoek-Wes het die geestelike program hanteer.

In Oktober het die dogters aan 'n Eisteddfod in Tsumeb deelgeneem. Hulle was baie opgewonde toe hulle hoor daar gaan 'n eisteddfod aangebied word – die enigste in Namibië en sommer naby aan ons. Hulle het dit baie geniet en sien uit na 2009 s'n.

Op ons "stoep" by die gesinskamp

Oppad na Otumongo

Oorhandiging van Bybels

Erik het 'n baie bedrywige November gehad. Begin November het die Here dit op sy hart gedruk om 'n groepie gelowiges by Otumongo, 'n klein plekkie langs die Kunene-rivier naby Otjinungwa waar die die span van die NG Kerk Napier Augustus 2008 uitgereik het, te gaan besoek. Daar was ook 'n paar nuwe gelowiges wat hy wou opvolg. Hy het Donderdag, 7 November die oggend om 6h30 vertrek en na meer as 750km op pad het hy en Okeri (Herero-jongman) die aand om 20h30 hulle tente in 'n rivierloop opgeslaan so 3 km van Otumongo. Die volgende oggend kon Erik die hele dag vanaf 8h00 tot 13h00 tyd spandeer met die groepie gelowiges daar en hulle bemoedig. Hy het 'n hele Bybelpakket (Look, listen & live) van Bybel Media vir die geestelike leier gegee sodat hy dit weer kan gebruik om die evangelie te verduidelik aan die wat nie kan lees nie. Die Bybelpakket bestaan uit 8 reekse kleurkaart-prente tesame met 'n kassetspeler en bande wat die boodskap van die prente verduidelik. Bid dat die Here dit regtig sal gebruik om die woord oop te breek vir hulle wat nie kan lees nie.

Daar is ook Angolese wat in Angola teen die Kunene-rivier bly en Otumongo gereeld besoek. Bid dat die Here dit 'n groeipunt sal maak vanwaar die evangelie ook die Angolese kan bereik. Die namiddag, toe Erik en Okeri met hul terugreis wil begin, toe steek sy betroubare Hilux-bakkie kop tussen die bene. Hy moes omtrent 3km deur die warm sand terugloop tot by Otjinungwa om hulp te soek. Hy het by 'n toeriste kampeerplek met behulp van 'n satellietfoon vir my gekontak. Die Hilux se enjin kon aanskakel, maar het onmiddelik dan weer gevrek. Hy moes al die pad terugstap en met 'n gehoes en geproes het hy darem tot by die kampeerplek gery. Terwyl hy daar is, vra die mense van die kampplek hom hoekom hy nie die evangelie ook daar verkondig nie. Uit die gesprek kom hy agter dat daar een man is, 'n Angolees, wat wel die evangelie daar verkondig. Via die satelietfoon het Erik toe met Frikkie, 'n werktuigkundige op Outjo, gekonsulteer om die Hilux reg te kry. Die finale diagnose wat toe in die kol was, was 'n verstopping in die vergasser (carburator) in een van sy 'jets'. 22h30 die aand het hy die vergasser oop gehad en met 'n neon-liggie wonder bo wonder die fout gekry en die Hilux was weer sy ou betroubare self. By dit alles het Erik tog gewonder hoe vorm dit alles deel van die Here se plan. Die oggend om 6h45, net voordat hy en Okeri in die pad wou val, kom die einste Angolese evangelis daar aan. Dit was duidelik dat die Here die vergasser laat verstop het. Die

man en sy vrou en twee bekeerlinge (’n Herero-seun vir wie hy gebid het en nog ’n man) was dringend opsoek na Portugese Bybels. Hierdie evangelis het 5 jaar terug tot bekering gekom en al wat hy by hom gehad het vir geestelike voedsel, was ’n Jehova-getuie boekie. Na ’n kort gesprek waar Erik ook die doodsgevare van die Jehova-sekte verduidelik het, ruil hy toe die boekie vir 2 Portugese bybels, een Hereo Bybel asook ander geestelike literatuur. Hy kon ook ’n Engelse Bybel gee vir die vroutjjie by die kampeerplek. Erik kon die Angolese evangelis toe bemoedig en hom verseker dat *Kunene vir Christus* hom kan help met toerusting en skoling. Ons gaan poog dat hy ons leierskamp DV einde Januarie bywoon. Nadat hulle nog iemand besoek het wat hulle die vorige dag gemis het, is Erik en Okeri om 8h30 daar weg. Deur die Here se genade was hulle die aand om 20h00 op Outjo by die huis nadat hulle letterlik stroom-op moes ry.

Die pad word toe ’n rivier

Margaretha en Annika by Rongee se skool

Borduurprojek

In November het Erik twee Swede vir ’n week deur Kaokoland geneem en daarna ’n besoek aan die Kunene gebring. Margaretha Bergendahl is ’n professor in inginieurswese en hoof van die fakulteit waar sy klasgee en haar dogter Annika, swot inginieurswese. Hulle wou blootstelling kry aan die mense van Kaokoland asook van die ontwikkelingsprojekte waarby ons betrokke is. Van die hoogtepunte vir hulle was ’n besoek aan een van ons kerkleiers, Jantjie Rhyn, oud-Riemvasmaker en veeboer in Damaraland, ’n aand by ’n Himbakraal en ’n besoek aan ’n klein skooltjie met Himba en Zemba kinders. Die Christenonderwyseres, Rongee, het trane in die Swede se oë gebring toe die kinders vir hulle kersliedere gesing het. Op Outjo het ek hulle na ons kinderklub geneem en ook vir ’n besoek aan die borduurprojek. Ons het almal baie by mekaar geleer en hoop regtig dat hulle in die vervolg op ’n manier by ons werk betrokke kan raak.

Ons was lank in die RSA met vakansie. Dit was vir ons lekker om as gesin saam met familie en vriende te kuier en weer die bande te versterk. Dit is ook ’n voorreg om meer van ons werk aan ander te vertel en die Here se goedheid met hulle te deel.

Bid asseblief :

- ☺ Vir Donsie se herstel – hy het ’n knie-operasie in Windhoek ondergaan.
- ☺ Erik hou hierdie naweek ’n leierskamp vir Outjo Laerskool se leerlingraad.
- ☺ Hester en Frederick gaan hierdie naweek op NG Kerk Outjo se laerskool Kategese kamp.
- ☺ Ons gesin gaan volgende naweek myl 108 toe vir NG Kerk Outjo se hoërskool Kategese kamp.
- ☺ Erik en Jacob hou einde Januarie ’n leierskamp in Opuwo vir Kunene vir Christus se leiers.

Bid asseblief dat die Here al die bedrywighede sal seën.

Ons wens julle elkeen ’n baie voorspoedige 2009 toe!
Mag die Here julle ryklik seën sodat julle vir ander tot seën kan wees.

Jesusliefde
Erik, Hester, Klara, Magdaleen en Frederick